



GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 7/15
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodecb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Nuwe lede: Ons verwelkom graag mnr J. Hattingh van Bloemfontein (ons tweede Vrystater) as nuwe lid. Ons waardeer u belangstelling in die bewaring van die VOC-nalatenskap. Mag die band tussen ons lank, gelukkig en wedersyds voordelig wees.

Laaste nuusbrief van die jaar.

Die jaar 2015 is amper verby en ons kan terugkyk na wat sedert ons vorige *Generale Missive* 6/15 voorgeval het.

*Op 26 September het dr H. Mets 'n interessante, geïllustreerde lesing gehou oor sy geboorteland Indonesië, bestaande uit honderde tropiese eilande, wat amper drie-en-'n-half eeue lank 'n Nederlandse kolonie en die sentrum van die VOC se oosterse handel was.

*Op 17 Oktober was ons in die kerk van die NG gemeente Kaapstad, die land se oudste gemeente (soos die Kasteel, vanjaar 350 jaar), waar ons van die gemeente se lang en interessante geskiedenis vertel is. Op die foto's is die 18de eeuse barok preekstoel deur beeldhouer Anreith van Indiese kiaat gemaak, die doopbak en nagmaalstel deur Kaapse silwersmede, en die 'familiebanke.' Die vloerstene was grafmerkers van Bataafse graniet.



Foto's: L.Beck.

*Op 7 November het dr Eep Francken vertel van Jan van Riebeeck se plaasvervanger, kommandeur Zacharias Wagenaar, 'n Duitser uit Dresden, wat eers vir die GWC of Wes-Indiese Kompanjie gewerk het. Wagenaar het oor die volle breedte van die VOC se tallasokrasie gedien, van Japan tot die Kaap. Hy is bekend vir sy tekeninge van Suid-Amerikaanse mense, diere, visse, voëls ens., en die humor in sy amptelike korrespondensie. Sy tekeninge word in Dresden bewaar, dit het die geallieerde bombardement oorleef! Wagenaar het die Kasteel se eerste fondamentsteen op 2 Januarie 1666 gelê.

*Op 19 November het ons 'n vergadering bygewoon insake die bewaring van die Amsterdam battery (1784), wat op die V&A Waterfront se terrein geleë is. Na die Kasteel was Amsterdam die grootste en sterkste van al ons kusverdedigingsbatterye. 'n Gedeeltelike herbouing en die skep van 'n park word beplan. Ons sal historiese inligting en illustrasies vir die inligtingsborde verskaf. Dankie, V&A Waterfront, dat julle aandag en geld aan Bewaring bestee.

Martelings in die Kasteel: Daar is aanhoudende pogings om die Kasteel in die lelikste moontlike lig te stel. Dit is 'n ernstige saak. In die aanhegsels lees u eerstens in die *Cape Times* van 1. 9. 2015, '*Castle must be renamed*', waar leerders van die Namataal vertel hoe hul voorvaders in die Kasteel gemartel, vermoor en ook hul taal daar 'vermoor' is. In die tweede aanhegsel lees u ons Stigting se antwoord daarop, in die *Cape Times* van 8. 9. 2015.

Die Burgermeul, 1717



Die Politieke Raad het in 1717 aan Kaapse burgers toestemming gegee om 'n windmeul te bou en hul eie meulenaar aan te stel om hul graan te maal. Tevore was daar net die Kompanjie se watermeul, in die stroom langs die Kompanjiestuin. Die Burgermeul se onderdele is uit Nederland gestuur en dit is op 'n winderige rant oos van die Swartrivier gebou. Dit het die gemeenskap meer as 'n eeu gedien, totdat stoom en later elektrisiteit beskikbaar was om meule aan te dryf. Die hele gebied om die Burgermeul het die naam Oude Molen gekry; ook skole, strate, sakefirmas en 'n sentrum bekend as Oude Molen Eco-Village is na die Burgermeul genoem. Van die ou meulstene is by die Eco-Village te sien, en die meul staan ook nog, al het hy sy wieke verloor, op die terrein van die Alexandra Instituut. Dit is 'n verklaarde provinsiale gedenkwaardigheid. (Op die foto is ons lid Adriaan Mocke, wie se voorvader die bouer daarvan was.)

Die omgewing oos van die Swartrivier is vanjaar deur die provinsiale regering vir ‘mega-ontwikkeling’ (hullewoord) ten opsigte van woon, werk en ontspanning bestem. Ek het die ‘erfenis’ en ‘histories’ afdelings van die loodsdocument ondersoek om te kyk hoe dit die Burgermeul raak, en daar word voorsiening gemaak vir die beskerming, openbare toegang ens. t.o.v. die meul. Die relevante bladsy is by die nuusbrief aangeheg. Ons sal die ontwikkeling dophou. Lees asseblief:

Dear Dr Sleigh


Please find attached the Provincial TRUP proposal. You will find the Old Mill mentioned on p.35.
Trusting it may assist you in terms of what Provincial Government’s intentions are.

Kind regards
Hudson McComb
OMEVTA
W1, Oude Molen Eco Village
Alexandra Rd, Pinelands
083 448 1829 / 021 – 4489442

Muizenberg Park

Op 7 Augustus 1795 het vier Britse oorlogskepe die VOC se landmag en kamp by Muysenburg gebombardeer, terwyl 1600 Engelse soldate te voet van Simonsbaai af opmarsjeer het om die Kaap oor te neem. Die Kaapse verdedigers het alles in hulle guns gehad: oorwig van getalle, ruitery, veldkanonne, keuse van terrein, onuitputlike voorraad van kos, water, brandhout en trekdiere. Die smal pas tussen die berg en die see by Muysenburg, die ‘Termopolai van die Kaap,’ was onneembaar. Maar dit was swak gefortifiseer, omdat die Militaire Kommissie van 1789 bevind het dat geen invaller so onnosel sal wees om die pas by Muysenburg te prober forseer nie. Die twee 12-ponder kanonne daar het nie eens op affuite nie maar op ’n bedding van planke gestaan. Toe die skepe begin skiet het die VOC se Luit.-kol. De Lille gevlug, en sy verwonde soldate moes onttrek. Net luitenant Marnitz en Frederici en hul kanonniers het aanhou veg met twee kanonne teen die vier oorlogskepe. Hulle kon die teikens nie mis skiet nie. Maar met elke skoot het die kanonne van hul bedding gespring en dieper in die sand weggesak.

So lank as wat ek kan onthou het daar twee twaalfponders in die gras langs die rolbalbaan in Muizenberg lê en verroes. Dit is moontlik dat hulle in die verdediging van die Kaap gebruik is. As deel van die opgradering van die kusweg van Simonstad af tot by Sandvlei, het die Stadsraad die twee swaar kanonne mooi skoongemaak, op behoorlike affuite gesit en by die ingang van ’n nuwe park geplaas. Dankie, Stadsraad.



Tek.: J. Frederici. Parlementsbiblioteek.



Foto: Stadsraad.

Drostdy Swellendam

Swellendam se drostdy dateer uit die 1740's, toe die VOC sy beheer oor die binneland uitgebrei het deur 'n derde distrik te stig. Daar was eers 'n adjunk-landdros en later 'n volle landdros, bygestaan deur 'n klerk en aangewese (nooit verkose) burgers, bekend as heemrade. Die drostdy is gebou waar die wapad deur die drif in die Koornlandsrivier gaan. Daarin het die landdros gewoon, daar was sy klerk se kantoor, dalk was die raadsaal ook sy voorhuis. Voor die deur was die Kompanjie se vlagpaal en rondom was die Kompanjie se kruithuis, slawehuis, waenhuis, stal en tronk, ook tuine en landerye. (Ek beskryf van Schumacher se mooi skildery van 1777 af.) Deur die sorg van toegewyde Swellendammers het die drostdy en sommige buitegeboue bewaar gebly, en dit is tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar. Dit huisves nou die Swellendam Museum.

'n Besorgde Swellendammer het die foto's hierby gestuur om te wys hoe daar vanjaar aan die historiese bouwerk gepeuter is, deur byvoorbeeld 'n cementblad oor 'n kleivloer te gooi (kyk hoe styg die vog reeds in die muur) en penne in die muur te slaan om 'n soutent te span. Die dorp se bewaringskomitee het die onsensitiewe brouwerk aan Erfenis-WesKaap gerapporteer.



Foto's: A.Mocke

Melck pakhuis, Strand Straat

Die Kaapse Stadsraad het besluit om ten spyte van vele besware, die verandering aan die agtiende eeuse gebou toe te laat. Daar sal dus 'n moderne kantoorgebou met baie glas bo-op die ou platdakstruktuur gebou word. Ons Stigting het soveel gedoen as wat ons kon. Ons lede Marie-Lou Roux en Hans Fransen was gedurig in die voorste loopgraaf. Die Stadsraad se besluit het die spelreëls van Bewaring verander. Wat volgende?

Antwerpse stadsaal 400 jaar:

VOC Kamer Antwerpen het die antieke Antwerpse stadhuis besoek. Die stokou gebou is die enigste op UNESCO se wêreldwye lys van antieke stadhuisse wat steeds vir sy oorspronklike doel gebruik word. Kyk net na hierdie fantastiese video, deur ons sustergroep Kamer Antwerpen verskaf. Tik die volgende skakel:

http://www.studiorv.pl/spacery_wirtualne/Stadhuis_Antwerpen/ in op Google, klik dan "Stadhuis Antwerpen Virtual Tour."

Kaap Hoorn 400 jaar:

Vanjaar word die vierhonderdjarige ontdekking van Kaap Hoorn en die seeroete om die mees suidelike punt van die Amerikaanse vasteland in 1615 herdenk. Waarom en hoe het dit gebeur? Die Amsterdamse koopman Isaac le Maire het van Here Sewentien en die VOC weggebreek om sy eie maatskappy, '*De Australische Compagnie*' te stig en 'n nuwe handelsroete na Asië te soek. Sy seun Jacob le Maire en skippers Jan Schouten en Willem Schouten met die skepe *Hoorn* en *Eendracht*, het op 14 Junie 1615 met dié doel van die

Texelse reede af vertrek. Dit was 'n lang, moeilike reis, onder om die punt van Suid-Amerika. In plaas van tussen die groot eilande waaruit die kontinent se suidpunt bestaan, te sail - 320 myl vir 38 dae lank, soos Magelhaus (Ned.: Magelaan) in 1520 gedoen het - het Le Maire en die Schoutens verder suid, stroomop en windop geseil, onder om die mees suidelike eiland, wat hulle 'Kaap Hoorn' genoem het. Toe hulle in die Stille Oseaan kom is hulle deur die VOC gevange geneem, op VOC-skepe huis toe gestuur en hul skepe gekonfiskeer. Die organiseerders van vanjaar se herdenking is 'Stichting Nederlands Kaap Hoornvaarders.'

Dirk Hartogh 400 (volgende jaar)

Aanstaande jaar word die eerste geboekstaafde besoek van Europeërs aan die Australiese kontinent in Australië herdenk, met medewerking van die Nederlandse ambassade in daardie land.

Skipper Dirk Hartogh het op 23 Januarie 1616 met *Eendracht* in geselskap van *Gouden Leeuw*, *Westfriesland*, *Bantam* en *Trouw* uit Texel na Batavia vertrek. Hulle was van 5 tot 27 Augustus in Tafelbaai. Op 25 Oktober 1616 het *Eendracht* per ongeluk op die West-Australiese kus (ongeveer 27 ° S) gekom. Dié kus was al as *De Zuydland* bekend. Hartogh het daar, op die eiland wat nog sy naam dra, 'n paal laat plant en 'n tin bord met die datum en sy skip en offisiere se name beskryf, daaraan laat spyker. Toe is hy voort, Batavia toe.

Tagtig jaar later (in 1696) het Here XVII vir skipper De Vlamingh met *Geelvinck*, *Nijptang* en *Weeseltje* gestuur om op die kus van die 'Zuydland' na moontlike oorlewendes van die Kompanjieskepe *Vergulde Draeck* en *Ridderschap van Holland* te gaan soek. Hulle het Hartogh se bord gevind en saamgeneem Batavia toe, waarvandaan dit aan Here Sewentien in Amsterdam gestuur is. In 1819, na die herstel van die Nederlandse koningskap en twintig jaar na die finale likwidiasie van die VOC in 1799, is Hartogh se bord aan die Koninklijk Kabinet van Zeldzaamheden in Den Haag geskenk. In 1899 is dit die eerste keer beskryf en afgebeeld. Tans het dit (400 jaar oud) 'n plek in die Rijksmuseum.

In die plek van Hartogh se bord het De Vlamingh 'n nuwe laat maak, met Hartogh se teks bo en inligting oor hul eie ekspedisie daaronder, en dit aan 'n nuwe paal gespyker. De Vlamingh se nuwe bord het 'n eeu lank op Hartoghseiland bly staan, tot dit deur 'n Franse ekspedisie gevind en aan die *Institut de France* in Parys geskenk is. Na afloop van die Duitse besetting in die Tweede Wêreldoorlog is dié instituut herontwerp, en De Vlamingh se bord is op 28 Mei 1947 aan die Australiese regering aangebied. Tans is dit (318 jaar oud) in die Wes-Australiese Maritieme Museum in Fremantle te sien.

't Schaapke

Hierdie gaan oor die woord 'oorlam,' soos dit byvoorbeeld in Hendrik van Heezel se private *Klat Boeck* verskyn. Van Heezel was 'n kuiper wat ongeveer 1724 sy ambag op *Vergelegen* en ander plase in die omgewing van Stellenbosch bedryf het. 'Zijn op de Caepse reede gekomen 11 oor lamme,' skryf hy in sy lelike handskrif. (Vertaling: 'Elf retroerskepe het in Tafelbaai geanker,') Die Van Heezel manuskrip is in die Kaapse Argief.

Die volgende ontleding van die woord 'oorlam' deur Emy Vanderveken kom, met vergunning, uit ons susterskamer Kamer Antwerpen se nuusbrief *VOC Journael*, 2015, nr 3.

'We kunnen het niet helpen, maar bij het woord "oorlam" verschijnt in onze verbeelding altijd een sympathiek schaapke, met heel grote fluwelen flaporen (jammer dat het wollig beestje de onhebbelijke gewoonte heeft om soms in een misselijke kater te veranderen.)

Maar waar komt het ooram eigenlijk vandaan? En hoe komt zo'n brave grasperter bij de borreltafel terecht? Wij zijn op onderzoek uitgegaan.

De orang Belanda (Maleis: Nederlandse mensen), die na hun dienstjaren in Oost-Indië langs Kaap de Goede Hoop terug naar het vaderland zeilden, verbleven doorgaans

enige tijd in deze gekende VOC verversingspost, terwijl het schip werd gelost, nieuwe lading innam en eventueel werd opgekalefaterd. Zij werden goed ontvangen door de landgenoten die vast aan de Kaap woonden. De retourschepen brachten niet alleen allerlei goederen mee, maar ze betekenden ook een welkomme afwisseling in het afgelegen bestaan. Zonder twijfel werd de komst van de bezoekers uitvoerig gevierd met ontelbare neuten. De Kaap stond niet voor niets algemeen bekend als "Herberg van twee Oceanen."

De Kaapse Nederlanders hadden meestal Maleis personeel in dienst (zeg maar : dwangarbeiders) en voor hen waren de verlofgangers orang lama datang (oud gedienden, ervaren mensen - zij die lang geleden ergens waren aangekomen en dus ervaring hadden opgedaan). Orang lama datang werd in het dagdagelijks gebruik afgekort tot orang lama, wat op zijn beurt volksetymologisch werd verbasterd tot oorlam. Gezien de zuipreputatie van de Belanda, werd de naam bijna automatisch synoniem voor borrelaar en uiteindelijk ging hij op de borrel zelf over. Het oponthoud aan de Kaap werd door iedereen trouwens oorlammentijd genoemd (ook door de Hollanders die vanuit Nederland naar de Oost onderweg waren, de orang baroe datang : beginnelingen, zij die geen ervaring hadden - groentjes).

Ons schaapke is dus van Kaapse oorsprong en heeft wel degelijk iets met de fles te maken! We zijn ook eens in Van Dale naar het oorlam gaan kijken: 'oudgast, man van ervaring of bevaren matroos, of rantsoen jenever dat op vaste tijden aan de matrozen van de marine uitgedeeld werd.' Het woordenboek vermeldt eveneens het bescheiden oorlamsmokje, 'tinnen of blikken bekertje waarin het oorlam werd rondgedeeld.'

Het traditioneel uitgereikte rantsoen bedroeg meestal 5 vingerhoedjes (= 5 cl.) per keer. Bij het leger kregen ze in de Oost vanaf 1917 officieel geen oorlam meer. Bij de Nederlandse marine verdween het officiële oorlam al in 1905, maar de Engelse Navy handhaafde "a cup of tea with a tot of rum" tot in 1982!

Als gelukkige bezitter van een onvolprezen Prisma woordenboek met Nederlands-Afrikaanse "teenhangers" (tegenhangers) zijn we ook daar eens gaan kijken. Bij het woord oorlam zelf wordt voor meer details kurkdroog verwezen naar borrel, maar vlak daarna verrast het Afrikaans ons met oorlams 'slim, goed geleerd, handig' en enkele kostelijke (alcoholvrije) gezegden: - sy is 'n flukse meisie en oorlams in die kombuis ... ze is een vlijtig meisje en zeer handig in de keuken. - wanneer het katte dan oorlams geraak en by die mense kom woon? wanneer is de kat dan wijs geworden en bij de mens komen wonen? In de betekenis van skelm, uitgeslape wordt ons in het Afrikaans bevestigd wat we in het Nederlands al langer wisten: - ek het geweet mans kan oorlams raak... ik wist dat mannen uitgeslapen konden zijn... In onze contreien zou de beschafde Willem Bilderdijk in 1825 voor het eerst het woord "oorlam" in de Nederlandse literatuur hebben vermeld. Of hij toen zelf een borreltje op had, of gewoon alcoholvrij oorlams aan het werk was, hebben wij niet kunnen achterhalen.

Vóór we er zelf ook eentje inschenken, willen we toch nog even terugkomen op de Maleise uitdrukking orang Belanda uit het begin van onze tekst. Toen de eerste rosharige Hollandse scheepslui en missionarissen op Borneo aan kwamen, vonden de inheemsen dat zij met hun bolle buiken en grote neuzen sprekend op een andere groep bewoners van hun eiland leken: de neusapen! Die apen kregen prompt de naam: orang Belanda - de mens die op de Nederlanders lijkt. Ze worden nog altijd zo genoemd!

De gelijkenis zal in vele gevallen zeker treffend geweest zijn. Al waren de inheemsen van Borneo dan misschien koppensnellers, gevoel voor humor hadden ze wel! Maar of ze zichzelf wel eens ooit hebben bekeken? Proost!

Bronnen :

- Etymologiebank.nl - trefwoord 'oorlam.'
- Foto met jeneverfles via Google.

- Van Dale: *Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*.
- Prisma: *Groot Woordenboek Afrikaans en Nederlands (amalgamatiemodel woordenboek)*
- Regelmatige consumptie.

Boeke:

*Het enigeen 'n eksemplaar van J. Hoge: *Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806*. (S.A. Argiefjaarboek, 1946) te koop teen 'n prys wat 'n jong geskiedenis-student kan bekostig? 'n MA-student wat die onderwerp van Duitse emigrasie en nedersetting aan die Kaap in die VOC-tyd bestudeer, benodig dit. Wees asseblief behulpsaam; die belangrike onderwerp is nog nooit tevore behoorlik ondersoek nie, en wat meer is: Dit is die eerste VOC-tesis uit Stellenbosch in jare.

*Prof Elri Liebenberg vra dat ons asseblief bekend maak dat die volgende belangrike VOC-bronnelys by haar te koop is: John Landwehr: *A Bibliography of Publications Relating to the Dutch East India Company, 1602-1800*. Edited by P. van der Krogt, with an introduction by C.R. Boxer and a preface by G. Schilder.

'At the height of its power and influence in the seventeenth and eighteenth century the VOC – acronym for the United Netherland East India Company – was the greatest commercial concern in the world. The scope of its activities extended from the Cape of Good Hope to Japan. In some aspects, the Baltic trade and the North Sea fisheries were of more fundamental relevance for the economy of the Lowlands, but it was the more spectacular East Indian trade which aroused the admiration and the envy of foreigners, sometimes to the point of war. In this bibliography several topics are covered. Not only technical matters such as the legal status of the VOC, its management, directors and shareholders, but also subjects such as voyages, battles, ship building, navigation, geography, natural history, ethnography, mission work, ministrations, and many others. With 1674 entries, fully described and fully indexed.

Publisher: Hes & DeGraaf/Brill

SBN13: 9789061944973

Publication Date: January 1991

Copyright Year: 1991

Format: Hardback

Publication Type: [Book](#)


Pages, Illustr.: 840 pp.

Imprint: [Brill | Hes & De Graaf](#)

Language: [English](#)

Price: Euro 434.00

*By Africana Uitgewery verskyn die volgende VOC-boek vanjaar:



Die oorspronklike titel is *Een Nederlander in de Wildernis*, deur Luc Panhuysen, 'n bekende en deeglike historikus. Wium van Zyl is vir die knap vertaling verantwoordelik.

Dit bring die vreemde saak van kolonel Robert Gordon (1743-1795) en sy vyf reise in die binneland, elk van ongeveer ses maande lank, nogeens na vore. Benewens landkaarte het Gordon 'n groot bydrae tot ons kennis van die volke-, dier-, plant- en weerkunde van sy tyd gemaak. Sy versameling van kaarte en tekeninge, wat van 1777 tot 1795 strek, word in 2017 in 'n spesiale uitstalling in die Rijksmuseum, Amsterdam vertoon. Daar is 'n moontlikheid dat ons ook later die uitstalling hier sal sien sal.

Gordon het sy eie naam eers aan die huidige Pringlebaai gegee, maar dit self later oorgedra na die prominente Vissersbaai (genoem na poshouer Lourens Visser van buitepos Hottentots-Holland) die huidige Gordonsbaai. Maar, hy word om ander redes onthou. Sy militêre loopbaan was 'n ramp wat tot sy selfmoord geleei het. As gevolg daarvan is sy navorsing nie in sy leeftyd gepubliseer nie en dit is maar onlangs herontdek. Gordon is 'n interessante amptenaar uit die VOC se eindtyd, na sy graf met vele onopgeloste geheime waaroor meer navorsing nodig is. Ons verwag 'n interessante debat by die bekendstelling in Januarie by Huis der Nederlanden.

Ledegeld: Die penningmeester vra alle lede wat nog nie vanjaar se ledegeld (R 90) bygedra het nie, om dit asseblief te doen sodat hy die boeke kan afsluit.

Komende vergaderings: Die bestuurskomitee vergader weer op 5 Februarie 2016. As enige lid iets op die agenda vir bespreking wil plaas of persoonlik 'n voorlegging wil maak, skryf asseblief aan die Voorsitter, d.m.v. ons Sekretaris. Ons Twintigste Algemene Jaarvergadering vind plaas op **Dinsdag 1 Maart 2016**. Die gasspreker is Minister A. Marais, die Provinciale Minister van Kultuursake en Sport. Teken solank die datum aan. Dit is die Groot Dag in ons jaar.

Behouwde vaert!

D. Sleigh (Teks)

J. Sleigh (Uitleg en verspreiding)

7 Desember 2015